

1. **LEES SAAM:** Markus 1: 16-18; 3:13-15 en 30-31
2. **DEEL MET MEKAAR:** wat in die gelese gedeeltes spreek veral tot jou. Hoekom?
3. **BESPREEK:** Deur wie word mense geroep, wie word geroep en wat word hulle genoem? Hfst 3.
4. Waarvoor word mense geroep? Hfst 3.
5. Sien jy jouself as deel van die geroepenes?

6. **LEES** Markus 6:7-12
7. **DEEL MET MEKAAR:** wat in die gelese gedeelte spreek veral tot jou. Hoekom?
8. Hfst 6:7v : Jesus roep nie net nie; Hyook! Wat is die riglyne wat Jesus gee vir die manier waarop mens moet uitgaan na ander?
9. Ons moet dus nie net volgelinge van Jesus wees nie, maar ook d.....!
10. Hfst 6. Hoekom moet dissipels sekere dinge nie saamneem nie?

11. Loer bietjie oorhoofs na **Markus 3 – 5** (die opskrifte help sommer al). Hoe het Jesus sy dissipels voorberei/toegerus? Help dit vir ons vandag ook as toerusting?
12. As ons dan toerusting kry, wat keer ons nog om meer as net volgelinge van Jesus te wees, m.a.w om ook as Sy dissipels uit te reik na ander mense?

13. **BID SAAM**
Bid ten opsigte van ons Jeug, Vaders, Blinde Persone asook vir ons 40dae-reeks wat in die 2de helfde van vanjaar plaasvind.

ONTHOU van die GEMEENTEBIDUUR: DINSDAE om 11:15 in konsistorie